

# Vuk'uzenzele

**JOBS  
INSIDE:**

Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Junie 2019 Uitgawe 1



## The people's President



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews



Vuk'uzenzele

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

**FREE  
COPY**

**Presidential Inauguration Special Edition**

# YES-inisiatief gee vleuels vir die jeug

**D**ie Jeugindiensnemingsdiens (YES)-inisiatief het ten doel om aan een miljoen werklose jeug betaalde werkervaring oor 'n tydperk van drie jaar te bied.

Die program is President Cyril Ramaphosa se blink idee, wat daarop gerig is om jongmense vir werk voor te berei en hulle met die nodige tegniese vaardighede toe te rus om die industrialisasie van die ekonomie te stut.

YES is ook 'n gesamentlike poging deur die regering, die arbeidsektor en die sakewêreld om te verseker dat Suid-Afrikaanse jongmense vir die werksektor voorberei word.

Die YES-inisiatief het tot op hede daarin geslaag om 17 000 werkseleenthede vir werklose jeug te verseker.

As jy 'n jong mens is en deel van die YES-inisiatief wil word, moet jy kennis neem van die volgende inligting:

## **Wat is die kwalifiserende kriteria vir die jeug om deel van die YES-program te wees?**

YES-jeug moet:

- swart wees, ooreenkomstig die definisie vir swart ekonomiese bemagtiging;
- tussen 18 en 34 jaar oud wees (soos bepaal deur die definisie van jeug) en 'n Suid-Afrikaanse burger wees;
- daarop let dat die YES-program net vir jeug is wat tans werkloos is en nie vir dié wat van werk wil verander nie.

## **Watter kwalifikasies is nodig om deel van die YES-inisiatief te wees? Kan iemand sonder 'n universiteitskwalifikasie registreer?**

YES is op alle werklose swart jeug tussen die ouderdom van 18 en 34 jaar



gerig, ongeag die opvoedingsvlak wat jy behaal het.

## **Kan julle die jeug help wat in landelike gebiede woon?**

YES is op alle werklose swart Suid-Afrikaanse jeug gerig, ongeag van waar in die land hulle woon.

## **Bied YES befondsingsgeleenthede, kantoorruimte en/of toerusting aan nieregeringsorganisasies en klein ondernemings?**

Die steun wat YES voorsien, is nie-finansiële steun aan ondernemings en NRO's deur kapasiteitsontwikkeling en deur 'n jong persoon as 'n hulpbron in 'n onderneming te plaas. Ons is ongelukkig nie in staat om befondsing, kantoorruimte, toerusting of skakeling met ander belanghebbendes te verskaf nie.

## **Hoe help YES jong, aspiranteienaars van ondernemings? Verskaf julle befondsing?**

YES bied ongelukkig nie finansiële steun aan jong aspiranteienaars van ondernemings nie. Ons kan egter nuwe ondernemings (KMMO's) help deur aan

hulle vars, jong en kreatiewe jong werkers te verskaf.

## **Ek het 'n klein onderneming en wil graag YES-jeug in diens neem, maar kan nie hul salarisse betaal nie. Hoe kan ek by YES betrokke raak?**

Geborgde gasheerplasing is deel van die YES-program. Koöperatiewe ondernemings wat aan die YES-vereistes voldoen, kan kies om jeugdige in hul eie ondernemings te plaas of deur 'n geborgde gasheerplasing teen geen koste vir die gasheer nie, by 'n KMMO te ontvang. 'n Jeugdige sal vir 'n tydperk van 12 maande by die gasheeronderneming werk en sal deur die borgmaatskappy betaal word.

## **Kan ek die jeug wat ek wil ontvang kies?**

Ja, jy kan. Ons sal saam met jou werk om die regte persoon vir jou organisasie te kies.

## **Kan dieselfde jeug vir meer as een jaar geborg word?**

Nee, YES-jeug word net vir een jaar geborg. As jy besluit om jou YES-jeug



ná 'n tydperk van 'n jaar te absorbeer, sal jy vir die betaling van 'n salaris verantwoordelik wees.

## **Ek het reeds geregistreer. Wanneer sal die plasing van werkseleenthede begin?**

Ons is tans besig om werkseleenthede te skep, wat 'n komplekse en omslagtige proses is.

Ons span werk egter met ywer om ons mandaat te vervul, naamlik om een miljoen werkseleenthede vir Suid-Afrikaanse werklose jeug te skep. Ons

sal met die plasing begin sodra ons hierdie geleenthede geskep het. As jy geregistreer het, sal ons jou kontak. **V**

## **Hoe registreer ek om deel van die YES-jeuginisiatief te wees?**

**Teken aan op ons webwerf ([www.yes4youth.co.za/youth-registration](http://www.yes4youth.co.za/youth-registration)), waar jy as 'n YES-jeugdige kan registreer.**